**Mediaverklaring**
**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)**
**5 Junie 2019**

**Sambreelfondse openbaar van volgende jaar die koste vir individuele lede**

Lede van sambreelfondsoplossings sal van Oktober volgende jaar insae hê in die totale impak van koste op hul individuele aftreevoordele. Dit is die datum waarop lede van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) verplig is om die nuwe ASISA-standaard vir die effektiewe jaarlikse koste (effective annual cost - EAC) van aftreefondse vir individuele fondslede te implementeer.

Die standaard is verlede week deur ASISA se Raad goedgekeur, wat beteken dat ASISA-lidmaatskappye wat sambreelfonds-aftreefondsoplossings aanbied stelsels vir openbaarmaking aan individuele lede moet begin ontwikkel en implementeer. Maatskappye het tot 1 Oktober 2020 om die implementering af te handel.

Taryn Hirsch, senior beleidskonsultant by ASISA, sê van Oktober volgende jaar sal alle individuele lede van sambreelfondse asook van lewende annuïteite* binne fondse 'n EAC vir hul aftreevoordele kan versoek.

Sy sê die nuwe EAC is belangrik omdat dit individuele sambreelfondslede insae in die koste van aftreefondse sal gee, wat dit moontlik sal maak om verskillende produkte met mekaar te vergelyk en die impak op beleggingsopbrengste te beraam.

"Dit sal lede van aftreefondse in staat stel om beter ingeligte besluite oor die keuse van nuwe en bestaande aftreefondsprodukte te neem. Werknemers sal byvoorbeeld kostefaktore in berekening kan bring om hulle te help besluit of hulle addisionele fondse aan hul sambreelfonds of uittreeannuïteit moet allokeer."

Hirsch sê ingevolge die nuwe ASISA-standaard moet lidmaatskappye fondslede ten minste een keer per jaar daaraan herinner dat hulle geregtig is om 'n EAC-berekening te versoek. Dié kennisgewing moet inligting insluit oor hoe fondslede hul EAC in die hande kan kry (byvoorbeeld deur die oproepsentrum of aanlyn).

Die EAC-standaard vir individuele fondslede is geskoei op die ASISA-standaard vir effektiewe jaarlikse koste vir die kleinhandelmark, wat op 1 Oktober 2016 in werking getree het. Die kleinhandel-EAC-standaard, 'n wêreldeerste, stel verbruikers en adviseurs in staat om die koste en die geraamde impak daarvan op beleggingsopbrengste sinvol met mekaar te vergelyk, ongeag of dit 'n effektetrust, 'n lewende annuïteit, 'n uittreeannuïteit of 'n uitkeerpolis is.

Hirsch wys daarop dat die nuwe EAC-standaard vir individuele fondslede tesame met die kleinhandel-EAC-standaard beleggers 'n volledige oorsig gee van hoe koste hul beleggings beïnvloed.

Die ASISA-openbaarmakingstandaard vir die koste van aftreespaarplanne (retirement savings cost - RSC), wat op 1 Maart 2019 in werking getree het, verbind ASISA-lede wat

sambreelaftreefondse administreer ook om alle koste (gebaseer op sekere aannames) verbonde aan 'n sambreelaftreefonds-oplossing op 'n gestandaardiseerde wyse aan werkgewers en rade van trustees te openbaar. Dit sal werkgewers en trustees in staat stel om die koste van die verskillende opsies op 'n soort-vir-soort-grondslag te vergelyk wanneer kwotasies van verskillende ASISA-lede oorweeg word.

Hirsch sê die drie koste-openbaarmakingstandaarde help ASISA-lede om die billike uitkomste in ooreenstemming met die raamwerk insake die billike behandeling van kliënte te lewer.

**Nota aan redakteurs:**

* 'n Lewende annuïteit binne 'n fonds is 'n lewende annuïteit wat deur 'n sambreelfonds aan sy lede beskikbaar is by aftrede. Lede die keuse om uit te tree uit die fonds (die fonds te verlaat) en hul eie lewende annuïteit regstreeks van 'n produkverskaffer te koop, of hulle kan 'n lid van die fonds bly en hul aftreevoordele in die lewende annuïteit binne die fonds belê. 'n Lewende annuïteit binne 'n fonds moet aan Regulasie 28 van die Pensioenfondswet voldoen en trustees se oorsigrol sluit die lewende annuïteit binne die fonds in.

**Die nuwe ASISA-standaard vir die effektiewe jaarlikse koste (EAC) van aftreefondse vir individuele fondslede, die ASISA-openbaarmakingstandaard vir kleinhandel-EAC en die ASISA-openbaarmakingstandaard vir die koste van aftreespaarplanne (RSC) is hier beskikbaar.

**Einde**

**Vir die reël van onderhoude, kontak:**
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

**Uitgereik namens:**
Taryn Hirsch
Senior Beleidskonsultant
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

*ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye.*